STILHOUPLEK

Om God in die gewone te ontdek

Julian Müller

Die gewone en populêre plekke waar mense God probeer vind, is of in die grootse of in die kleine. Of in die makrokosmos of in die mikrokosmos. Deur die die lens van ‘n teleskoop of deur die lens van ‘n mikroskoop.

Die wondere van die heelal met die grootsheid van sterre en planete bring ons in verwondering (soos in Psalm 8). Maar met die ontwikkeling van die biologie en fisika het ons ook al meer bewus geraak van die wondere van die mikroskopies-klein wêreld van selle en atome. Of jy nou na die grootsheid van alles kyk en of jy bewus raak van die ongelooflike opbou van alles in die kleinste waarneembare, dit is nogal nie moeilik om God daar te vind nie. God kan ontdek word in die grootse wondere van die natuur.

Maar het ons al geleer om God in die nabye en gewone te ontdek? Is ons nie dalk te ingestel daarop om op reis te gaan om God iewers te gaan ontdek nie? Op reis in die onmeetlike grootheid van die heelal, of op reis in die mikroskopiese kleinheid van alles wat is. Want God is nie hier in die gewoon waarneembare nie. Jy moet iewers heen gaan om Hom te ontdek. Jy het ten minste spesiale apparaat daarvoor nodig. Sterk lense en spesiale kennis.

Is ons God nie te ver en te groot nie? Is ons God nie onbereikbaar en vreemd nie?

Die God wat ons deur Jesus ontdek is so gewoon aards en naby. God het in Jesus getoon dat Hy in die werkswinkel en op die oop veld tussen die diere en herders te vind is. Die geleerde wyse manne moes ver reis na ‘n gewone arbeidersomgewing om God te ontdek.

Paulus haal in Romeine 10: 6-8 aan uit Deuteronomium en sê: “Moenie by jouself sê: ‘Wie sal na die hemel toe opklim?’ nie, dit is om Christus af te bring, of: ‘Wie sal na die onderaardse diepte toe afdaal?’ nie, dit is, om Christus uit die dood terug te bring. Nee, die Skrif sê:

Naby jou is die woord,
In jou mond en in jou hart.”

Mens hoef nie “op te klim” of “ af te daal” om God te ontmoet nie. Jy hoef maar net bewus te wees van wat jy hoor en van die gevoelens wat uit jou hart opkom en wat in woorde deur jou mond gevorm te word. So naby soos woorde aan ‘n mens is, so naby is God aan jou.

In Pole word die verhaal vertel van rabbi Isak, seun van Esegiël, wat in ‘n eenvoudige huisie in Krakow gewoon het. Een nag het hy gedroom hoe hy die stad Praag besoek. In sy droom het hy die koning se paleis gesien en ook die brug oor die rivier, voor die paleis. Hy sien homself stap oor die brug en hoor ‘n stem vir hom sê om onder die brug te kyk. Daar, tussen die waterplante, sien hy ‘n kosbare skat versteek lê. In sy droom sien hy hoe hy met daardie skat al die armes van sy gemeente kan voed en versorg.

Hy kon net nie vergeet van die droom nie en uiteindelik pak hy die lang reis na Praag aan. En sowaar, toe hy daar kom lyk alles net soos in sy droom. Die paleis en die rivier met die brug. Die probleem was net dat die brug deur ‘n hele afdeling soldate bewaak was. Hy kon nie naby die water kom nie.

“Wat soek jy”, vra ‘n kwaai soldaat agter hom. Hy begin toe vir die soldaat van sy droom vertel, maar die man wil nie luister nie en lag hom uit omdat hy so laf is om in drome te glo. “As ek in drome moes glo”, sê die soldaat, “sou ek nou die pad gevat het na Krakow, want ek droom die afgelope drie nagte al dat ek na Krakow reis en daar in die armsalige

huisie van Isak, die seun van Esegiël, onder sy vuurherd ‘n skat ontdek.” “Maar”, sê die soldaat, “ek is nie so laf om agter my simpel drome aan te reis nie. Daar woon soveel Jode in Krakow en daar moet honderde of duisende mans wees met die naam Isak, die seun van Esegiël. Dit is so ‘n algemene Joodse naam.”
Ou rabbi Isak het maar stil gebly en so gou moonlik sy reis terug na Krakow aangepak. Toe hy by sy huis kom, het hy onder sy vuurherd die skat oopgegrawe en daarmee kon hy sy arm gemeentelede vir jare lank dien en versorg.
Hoe jammer dat ons baie keer eers na “Praag” moet reis om te ontdek dat die skat, dat God onder ons “vuurherd” te vind is.
Volgens die Evangelie van Thomas het Jesus gesê: “As hulle wat julle voorgaan vir julle sê: “Kyk, die koninkryk is in die hemel,’ sal die voëls van die hemel voor julle daar wees. As hulle sê: ‘Dit is in die see’, sal die visse voor julle daar wees. Maar die koninkryk is in julle en rondom julle.”